Die dae van belastingvrye lenings aan trusts is verby

Die inwerkingtreding van Artikel 7(c) van die Inkomstebelasting Wet het die boedelbeplanning scenario verander, in die sin dat, lenings aan ‘n trust deur ‘n persoon wat daarby betrokke is, nie langer belastingvry is nie.

‘n Algemene boedelbelasting/inkomstebelasting besparing meganisme was vir persone wat betrokke is by ‘n trust, om geld rentevry aan die trust te “leen”. Die verlies aan belasting vir die fiskus was tot so ‘n mate dat dit die belastinggaarder genoop het om sulke lenings te stop. Gevolglik het heelwat belastingkommissies die saak ondersoek en aanbevelings gemaak oor hoe om dit te stop. In die verband het die Margo- en Davis kommissies voorstelle gemaak ten opsigte van belastinghervormings.

Vanaf 1 Maart 2017, word rentevry of lae rente lenings aan ‘n trust deur enige persoon wat daarby betrokke is of deur ‘n maatskappy wat aan daardie persoon gekoppel kan word beskou as ‘n skenking. Die bedrag van die skenking sal vasgestel word op die verskil tussen die rentekoers wat gehef word en die amptelike rentekoers wat toegepas sal word op die bedrag van die lening. Alle nuwe en bestaande lenings, met sekere uitsluitings, sal geag word as skenkings.